Publication: Son (Kaap)
Date: Tuesday, February 09, 2021
Page: 5


# De Lille se man sterf

EIE VERSLAGGEWER

EDWIN de Lille, eggenoot van Patricia de Lille, minister van openbare werke en infrastruktuur, het Sondagaand ná 'n lang siekbed gesterf.

Die egpaar was 49 jaar getroud en het een kind, Alistair.

De Lille het in 'n verklaring van die Good Party, waarvan sy die leier is, haar man beskryf as 'n liefdevolle pa en man wat haar deur haar politieke loopbaan ondersteun het.



EDWIN DE LILLE FOTO VERSKAF

De Lille sê hy het haar ook die vryheid gegee om haar werk te doen en om haar land te dien.

"Ons huwelik is op respek gebou.

"Eddie was 'n lewensmaat in die ware sin van die woord en hy het my nooit gekeer om my oortuigings te volg nie.

"Daar was tot sy laaste dae respek en ondersteuning en ek gaan hom baie mis."

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.